

26 Oktober

Psalm 23

Soos blindes gelei word, so lei die Here ons - met heerlike gevolge!

Wie sy sinne begin met "ek...", verstaan niks van die Evangelie van verlossing nie. Eers as jy jou sinne begin met "Die Here..." weet jy wat ware verlossing is. Dit kry ons by die magtige koning Dawid waar hy uit sy eie ervaringsveld as skaapwagter sê: "Die HERE is my herder..."

Dit val op uit die Psalm dat die mens self nooit op die voorgrond staan nie. Dis telkens die Here wat iets doen.

As jy sê: "ek...", "ek moet... ek het... ek sal..." staan jyself op die voorgrond en dan is dit nie moontlik om met jou eie sonde rekening te hou nie.

Johannes 10 bring ons onder die indruk wat Jesus, ons Goeie Herder, gedoen het. Dis die Here wat ons uitverkies het. Die Here het ons geroep om in Hom te glo; Hy verlos; Hy gee geloof, bekering ... Ons Nagmaalsformulier sê: "Soek jou lewe en saligheid buite jouself in Jesus Christus". Om van jouself en jou eie (on-)vermoë af te sien en soos 'n blinde wag om deur die Here, jou Goeie Herder, gelei te word waar Hy wil, is nie maklik nie!

Ons, gelowiges, is die skape en die Here is ons Herder. Daarom kan ons nie ons eie kop volg en ons eie koers inslaan waar die roofdiere (duiwel) ons lewens kan verwoes nie. Soos blindes moet ons ons deur die Here (die Bybel en Heilige Gees) laat lei na waar die Here wil. Vir sulkes is daar heerlike gevolge - niks ontbreek nie ... groen wevelde ... waters van rus ... sielsverkwikking... geen onheilsvrees ... net goedheid en guns ... en dan: in die huis van die Here in lengte van dae. Dit alles ook ondanks swarkry en doodskaduwees.

Sing: Psalm 23:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)